# JEAN CHRISTOPH SONNEKUS



Alhoewel dit gebruiklik geword het om 'n uitgawe van die *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg/ Journal of South African Law* (beter bekend onder sy Afrikaanse akroniem *TSAR)* op te dra aan 'n professor in regsgeleerdheid wat by die Universiteit van Johannesburg emeriteer, verdien Jean Christoph Sonnekus 'n groter eerbetoon. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die bestaan van *TSAR* word 'n spesiale uitgawe gepubliseer om die meer as veertig jaar se werk van hierdie sekerlik die mees produktiewe regsakademikus van Suid-Afrika, te vier.

*TSAR* word sedert 1976 in medewerking met Juta gepubliseer. Die paradoks geskep deur die onderdrukkende wetgewing van die verlede wat binne 'n gesofistikeerde en grootliks ongekodifiseerde gemeenregtelike stelsel gebaseer op billikheid en regverdigheid gefunksioneer het, was besonder opvallend in daardie simboliese jaar van die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die profetiese aard van een van die eerste gepubliseerde artikels oor die rol van menseregte as sistematiserende faktor in die Suid-Afrikaanse publiekreg kan nouliks onderskat word (Rautenbach 1976 *TSAR* 168). Reeds vanaf 1976 was Sonnekus lid van die redaksie en in 1981 word hy die redakteur, 'n posisie wat hy sedertdien met slegs kort onderbrekings beklee het.

Onder Sonnekus se leiding het die tydskrif gegroei tot een wat sedert 2009 weens sy persoonlike inisiatief op 'n internasionale lys van geakkrediteerde tydskrifte verskyn (die *Social Sciences Citation Index*). Dit is een van 'n handjievol Suid-Afrikaanse regstydskrifte wat hierop verskyn en die enigste algemene een. Die statuur van *TSAR* is verder verhoog deur sy indeksering op *Scopus* deur Elsevier. *TSAR* is al vir meer as twee dekades elektronies beskikbaar op *HeinOnline*. As een van die omvangrykste Suid-Afrikaanse gedrukte regstydskrifte en met die gereelde bydraes deur vooraanstaande

buitelandse regskundiges wat daarin verskyn, dien *TSAR* as vertoonstuk van die Suid-Afrikaanse reg in verskeie buitelandse regsversamelings. Dit is ook die enigste Suid-Afrikaanse regstydskrif wat ingesluit word in die befaamde *Karlsruher Juristische Bibliographie* (*KJB*) wat onder die beskerming van die Duitse *Bundesgerichtshof* (*BGH*) gepubliseer word. Dit verskyn ook in die *Index to Foreign Legal Periodicals* saamgestel deur die *American Association of Law Libraries* (sedert 1985) en *Ulrich's (Periodical Directory).*

Sonnekus se bydrae tot *TSAR* as redakteur is soos volg erken deur die *Academy of Science of South Africa* (*ASSAf*) in sy *Report on Grouped Peer Review of Scholarly Journals in Law and related Legal Fields* gepubliseer in Oktober 2014: "The editor of TSAR is a respected legal academic of high standing … the quality of the articles published is good overall … the journal should continue to be listed on DHET list of accredited journals."

Om binne die omvang van 'n paar bladsye 'n oorsig van Sonnekus se lewenswerk tot dusver te gee wat reg aan hom laat geskied, is onmoontlik. Hy is op 11 Maart 1951 in Pietermaritzburg gebore. Op sestienjarige ouderdom matrikuleer hy aan die Hoërskool Florida. Na voltooiing van die BA (Regte) graad aan die destydse Randse Afrikaanse Universiteit, behaal hy in 1972 die LLB graad *cum laude* en ontvang sowel die Penning van die Fakulteit Regsgeleerdheid as die Johannesburgse Balieprys vir die beste regstudent. Die daaropvolgende jaar behaal hy die LLM graad met 'n verhandeling getiteld *Die Grondslag van die Eis Quantum Meruit in die Suid-Afrikaanse Reg*. In Desember van dieselfde jaar vertrek hy per boot na die Universiteit van Leiden om met behulp van 'n Nasionale Studiebeurs en een van die eerste beurse van die Getrouheidswaarborgfonds vir Prokureurs doktorale studie aldaar te onderneem. Na suksesvolle afhandeling van daardie studie aan die einde van 1975 keer hy terug na Suid-Afrika om met ingang 1 Januarie 1976 'n aanstelling as senior lektor by die Randse Afrikaanse Universiteit te aanvaar. Sy doktorale proefskrif, *Die Privaatregtelike Beskerming van die Huwelik*, voltooi onder Bloembergen, word dieselfde jaar gepubliseer en is bykans drie dekades later in *RH v DE* 2014 6 SA 436 (HHA) deur die hoogste hof van appèl *verbatim* aangehaal as deurslaggewende gesag vir die finale verstelling van die wissels ten aansien van die skrapping van die deliktuele vordering vir troosgeld gebaseer op owerspel. Hy word bevorder tot medeprofessor vanaf 1 Januarie 1981. Die Alexander von Humboldt-*Stipendium* word die eerste keer aan hom toegeken en in 1982 voltooi hy 'n taalkursus aan die Goethe *Institut* te Mannheim en behaal die *Zertifikat Deutsch als Fremdsprache* met syfer 1 – "sehr gut". Hy het hierdie ervaring as springbord gebruik om vlot in Duits te raak. Hy is met ingang van 1 Januarie 1984 as professor in die Departement Privaatreg aangestel.

Die getuienis vir die stelling dat Sonnekus by verre die mees-produktiewe regsakademikus is wat Suid-Afrika ooit opgelewer het, is die sewentien boeke waarvan hy alleen- of mede-outeur is (waarvan verskeie meerdere uitgawes beleef het), 307 artikels (by laaste telling) en 36 substantiewe boekresensies. Vir meer as veertig jaar slyp hy aan die privaatreg met spesialiseringsgebiede huweliksvermoënsreg, sakereg, erfreg, verrykingsreg, estoppel en saaklike sekerheidsregte. Sy regsvergelykende aanslag het volgens alle aanduiding meer as enige ander regsakademikus die aandag van buitelandse regskenners op die Suid-Afrikaanse privaatreg gevestig.

Ooreenkomstig die spreuk *pacta sunt servanda* wat hy hoog ag, het hy sy kontraktuele verpligting volgens sy diensvoorwaardes met die destydse Randse Afrikaanse Universiteit getrou nagekom om Afrikaans as wetenskapstaal te ontwikkel. Dit het hom die Hiemstra-prys, die LexisNexis-prys en (twee keer) die prys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (geborg deur die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging) oor die jare heen besorg, alhoewel hy ook in Nederlands, Duits en Engels publiseer. Hy is nieteenstaande die feit dat hy oorwegend in Afrikaans publiseer 'n B1 NNS-evalueerde

internasionaal erkende regsnavorser. Ander pryse wat hy ontvang het, sluit in die Boppert-prys vir die beste navorsingsgerigte bydrae in die *Tydskrif vir Regswetenskap* en die prys van die Vereniging Hugo de Groot vir die beste aantekening in die *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg.* In 2002 ontvang hy die Toon van den Heever-prys vir Regswetenskap, die hoogste eerbewys van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns in erkenning vir volgehoue bydrae tot regswetenskaplike navorsing en -publikasies. Sonnekus is ’n Lid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die hooggeregshof met inbegrip van die hoogste hof van appèl het Sonnekus al by meer as sestig geleenthede aangehaal en gevolg. Dit is waarskynlik die belangrikste kwantitatiewe maatstaf wat gebruik kan word om die “impak” in die regswetenskap van ’n Suid-Afrikaanse regsakademikus te meet, aangesien hierdie hof se uitsprake alle landsbewoners se regsposisies raak. Eweneens het sy navorsing verskeie stukke wetgewing beïnvloed, veral ten opsigte van mobiliêre sekerheidsregte en die onderhoudsaansprake van voormalige gades na egskeiding.

Met al sy bedrywighede op die internasionale verhoog het Sonnekus benewens sy publikasies, nooit Suid-Afrikaanse regsakademici in die steek gelaat nie. Dit blyk uit sy aktiewe deelname oor die jare heen aan die bedrywighede van die Vereniging van Suid-Afrikaanse Regsdosente, sy gereelde deelname aan die jaarlikse kongres by die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit en sy referate by die Suid-Afrikaanse sakeregkongresse. Hy tree as eksterne eksaminator op by verskeie Suid-Afrikaanse universiteite ten opsigte van voorgraadse en nagraadse studies. Hy is lid van die redaksionele advieskomitees van die *Tydskrif vir Hedendaagse Romeins-Hollandse Reg*, *De Jure* en die *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*.

Hy is volgens alle aanduidings die Suid-Afrikaanse akademikus vanuit alle vakdissiplines wat die meeste kere en vir die langste tye uitgenooi is om navorsing te onderneem onder die vaandel van die Alexander von Humboldt-*Stiftung*.

Sonnekus word sedert 2008 op ’n jaarlikse basis persoonlik deur die voorsitter van die XII. *Zivil Senat* van die *BGH* (die hoogste Duitse hof van appèl) uitgenooi om met hulle die vertolking en toepassing van nuwe Duitse wetgewing in die veld van die privaatreg te bespreek. Die aansien wat hy in Europa geniet, word ook gereflekteer deur die feit dat hy die enigste lid van buite Europa is wat lid is van die *Wissenschaftliche Verein für Familienrecht* in erkenning vir sy volgehoue bydrae tot die ontwikkeling van die huweliksvermoënsreg in meerdere regstelsels. In hierdie hoedanigheid is hy genooi na internasionale familieregkonferensies wat gehou is by onder andere die Universiteit van Cambridge (2011) en in Hamburg (2012), Göttingen (2013), Regensburg (2014), Trieste (2015), Bielefeld (2016) en Berlyn (2017). Hy is ook die enigste nie-Europese lid van die *Verein für ein Europäisches Rechtsinstitut*.

Hy bly die enigste persoon vanuit Afrika wat genooi word om deel te neem as lid van ’n uitgesoekte en geslote groep regslui wat jaarliks ’n regsvergelykende kongres hou oor aspekte van Belgiese, Nederlandse en Duitse Reg, by welke geleentheid hy die Suid-Afrikaanse reg deel maak van besprekings. Sy bydrae oor ongegronde verryking is hoog aangeprys tydens die kongres in Nijmegen (2012). Dieselfde het in latere jare gebeur (2013 in Gent, 2014 in Den Haag en 2016 in Leiden).

Hy is die enigste nie-Europeër wat op die redaksie dien van die *Tijdschrift voor Privaatrecht* (België) en het as sodanig wesenlik bygedra tot die daarstel van ’n wisselleerstoel in privaatreg waarbinne alternerend elke twee jaar ’n vooraanstaande Afrikaanssprekende privatis vanuit Suid-Afrika die geleentheid kry om vir meerdere weke aan ’n Vlaamse of Nederlandse regsfakulteit te gaan navorsing doen en daar lesings te gee in Afrikaans. In die daaropvolgende jaar word ’n soortgelyke geleentheid vir ’n vooraanstaande privatis vanuit die lae lande gebied om aan ’n Suid-Afrikaanse regsfakulteit

te kom navorsing doen en by wyse van lesings in Nederlands die wisselwerking tussen privatici werkend in die verwante regstelsels te bevorder. Die verwesenliking van die wisselleerstoel word ruim bekostig deur die *TPR*.

Sonnekus is ook ’n staande bydraer tot die jaarlikse kongresse van die *Ius Commune* en het onder andere referate gelewer oor die verhouding tussen die norme van die erfreg en sakereg by die kongresse in Maastricht (2013) en in Edinburgh in Skotland (2014), en oor deliktuele aanspreekliheid en nalatigheid in Leuven (2015).

Hy was al vele kere uitgenooi om as besoekende hoogleraar op te tree by die Katolieke Universiteit van Leuven en die Universiteit van Gent. Hy bied ook gereeld lesings aan by die *Rijksuniversiteit Groningen*, *Rijksuniversiteit Leiden* en die *Radboud Universiteit* te Nijmegen. Hy het ook al ’n volledige nagraadse kursus by die Universiteit van Antwerpen aangebied. Ander universiteite waar hy lesings aangebied het, sluit die Universiteit van Augsburg in, asook universiteite in Göttingen, Konstanz, Saarbrücken, Zürich, Ljubljana (Slovenië) en Rijeka (Kroasië).

Hy het by herhaling opgetree as eksterne promotor van nagraadse studente en eksaminator vir nagraadse studies by die Universiteit van Münster. Al die studente waarvan hy promotor was, het hulle studies suksesvol voltooi. Hy tree dikwels op as lid van eksamineringspanele van mondelinge eksamens en proefskrifte by die Universiteite van Leiden en Groningen.

In 2012 was hy die enigste lid van die Suidelike halfrond wat deelgeneem het aan ’n internasionale paneel wat in diepte die navorsingsuitsette, insluitend ten opsigte van magister en doktorale studies, van die fakulteite van regsgeleerdheid én kanonieke reg van die Katolieke Universiteit van Leuven (gestig in 1425) oorweeg het. Die ander lede van die paneel was sonder uitsondering leidende akademici van die Verenigde State van Amerika, Skotland, Ierland, Italië, Duitsland en Nederland, wat die internasionale statuur en aansien wat Sonnekus geniet, bevestig.

Hy voer al vir verskeie jare navorsingsgesprekke met kollegas van die *Westfälische Wilhelms Universität* in Münster en die Universiteit van Saarland in Saarbrücken, waar sy verhouding van meer as twintig jaar met Professor Michael Martinek gelei het tot laasgenoemde se aanstelling as Uitnememende Besoekende Professor by die Universiteit van Johannesburg.

Hy is in 2008 uitgenooi om met die bestuur van ThomsonReuters in die VSA die akkreditering te bespreek van nasionale en internasionele spesialis regstydskrifte. In 2009 het Routledge van London dieselfde uitnodiging aan hom gerig. Sy aansien by internasionale uitgewers blyk ook uit die uitnodiging van die uitgewer om deel te neem aan die *100 Jahre BGB 100 Jahre Staudinger*-kongres in München.

Die gedagte om’n *liber amicorum* of *Festschrift* ter ere van Sonnekus saam te stel is dus nie onvanpas nie en soos sal blyk uit die lys van outeurs wie se bydraes in hierdie bundel opgeneem is, is daar vele akademiese stemme wat die jubilaris met hul bydraes vereer. Daar is egter ook nog ander akademiese vriende en gespreksgenote wat weens tydsdruk nie daarin kon slaag om bydraes in te stuur nie maar hulle is almal net so onder die indruk van die pennevrug en intellek van die jubilaris aan wie hierdie bundel opgedra word.

Ons sien daarna uit om nog vir baie jare die bydraes en oorspronklike oplossings vir regsprobleme van hierdie buitegewoon analitiese denker te lees, van wie ’n mens altyd deeglikheid, onafhanklikheid en diepgaande kritiek kan verwag.

PATRICK O’BRIEN
ENGELA SCHLEMMER